# QPro Ultrawol 30

(V23988) (Wet 36 van 1947)

## Produkbeskrywing

QPro Ultrawol 30 is ‘n hoëproteïenonderhoudslek van uitstekende kwaliteit vir skaap, met die fokus op dragtige en lakterende ooie op veld of weidings. Hierdie produk bevat swaelbevattende aminosure en hoë insluitings van deurvloeiproteïenbronne om te verseker dat melkproduksie (met vloeibare biesmelk) en groei optimaal behaal word asook om wolbreek in stresvolle toestande en wintertye te voorkom. Die lek bevat ook NPN-bronne wat genoegsame stikstof bied vir mikroörganismes om veselagtige veld beter te kan benut.

## Voeraanbeveling

Voldoende weiding moet beskikbaar wees waar Ultrawol 30 as aanvulling gebruik word om oorinname te voorkom. Die lek bevat NPN-bronne en daarom moet diere hulself nie oorvreet aan die lek nie. Dit is goeie praktyk om voor NPN-bevattende lekke gevoer word, eers gewone sout- of fosfaatlek te gee.

| | |
|---|---|
| Ooie op veld | 300-400 g/ooi/dag |
| Ooie op veld met lammers | 300-500 g/ooi/dag |



Vir die LIEFDE vir jou

*Vir meer inligting en/of verwysing na u naaste tegniese adviseur, skakel ons kantoor by 058 303 9587*

## Spesifikasies

| Nutriënt | Eenheid | Insluiting |
|---|---|---|
| Proteïen (min) | g/kg | 300 |
| NPN-% (maks) | % | 47,48% |
| Ureum (maks) | g/kg | 45 |
| Vog (maks) | g/kg | 120 |
| Vet (min/maks) | g/kg | 45 |
| Ruvesel (maks) | g/kg | 65 |
| Ca (maks) | g/kg | 21 |
| P (min) | g/kg | 6,4 |

*Alhoewel nie in die tabel aangedui nie, bevat hierdie produk 'n volledige reeks makro- en spoorminerale in die mineraalpak, geformuleer volgens voedingsbehoefte van die dier.*




## Verpakking

Beskikbaar in 50 kg-sakke of losmaat.

## Waarskuwing

Hierdie produk bevat NPN-bronne en/of geregistreerde medikamente. Voer dus streng volgens voorskrifte.

# DIERE